
# VERENIGENDE GEREFORMEERDE KERK IN SUIDER-AFRIKA, GEMEENTE MALMESBURY


**LERAAR** — **Ds Quentin S Minnaar**
**022 486 4031**
**qsminnaar@webmail.co.za**
**SKRIBA-KASSIER** — **Mev Cleodine Leukes**
**078 622 6992**
**KOSTER** — **Mnr Jan Karolus**
**081 008 1420**
**TEGNIKUS** — **Mnr William Stallenberg**
**082 924 4651**
**williamstallenberg@gmail.com**


**H/v Akasialaan en Jasmynstraat**
**POSBUS 1064**
**MALMESBURY**
**7299**

**KERKKANTOOR**
**(T) 022 486 5416**
**(F) 086 219 0820**
**vgkmalmesbury@telkomsa.net**

**www.vgkmalmesbury.co.za**


**Almal één in Christus, diensbaar in Sy koninkryk deur Aanbidding, Toerusting, Versorging en Uitreiking**

4 Junie 2020

Liewe Familie

Ons groet u almal met ***"die wens dat God vir julle alles sal gee wat julle nodig het, of julle dit verdien of nie. Mag julle lewe van God se vrede oorloop. Dit is die God wat nou by ons is, wat nog altyd daar was en ook in die toekoms saam met ons sal wees."*** (Openbaring 1:4)

Op 17 Maart 2020 het die Kerkraad, in 'n poging om die verspreiding van die Koronavirus te vertraag, besluit om alle gesamentlike gemeentelike byeenkomste af te las. Hierdie besluit was gegrond op Jesaja 58:1-12 en Markus 12:29-31 wat ons daarvan oortuig het dat die Christelike geloof ten diepste gaan oor die liefde vir God én die liefde vir ons naaste. Ons was daarvan oortuig dat die vermyding van fisisie kontak, in die konteks van die Koronavirus, 'n uitdrukking van naasteliefde is aangesien die virus deur menslike kontak versprei. Soos u weet is hierdie besluit geneem toe daar nog slegs 116 Suid-Afrikaners positief getoets het vir die virus, sonder enige sterftes.

Sedert 17 Maart 2020 het die situasie egter baie vererger. Die jongste statistieke wys dat 37 525 Suid-Afrikaners tot op hede positief getoets het vir die virus, 19 682 het daarvan herstel en 792 het daaraan gesterf. Die Wes-Kaap word tans die hardste getref met die meeste bevestigde gevalle en sterftes in ons land. Op Maandag, 1 Junie 2020 is 22 567 bevestigde gevalle aangeteken met 525 sterftes en 11 099 persone wat van die virus herstel het. In die Swartland sien ons ook 'n geleidelike toename in infeksies. Daar is selfs projeksies wat aantoon dat nagenoeg 9300 persone in die volgende 6 maande in die Wes-Kaap aan die virus kan sterf en wetenskaplikes waarsku voortdurend dat die piek van infeksies nog nie bereik is nie.

Intussen het President Cyril Ramaphosa op 26 Mei 2020 aangekondig dat geloofsbyeenkomste vanaf 1 Junie 2020, met die toepassing van streng maatreëls op Vlak 3 "Lockdown", hervat mag word. Hierdie aankondiging het verskillende vrae en reaksies uit verskeie oorde ontlok. In reaksie daarop het die Algemene Sinode van ons Kerk in 'n skrywe, gedateer 29 Mei 2020, gemeentes sterk aangemoedig om **NIE** hul geboue oop te stel vir eredienste en/of ander byeenkomste nie. Dit behoort slegs te gebeur waar die nakoming van alle reëls en regulasies gewaarborg kan word. Die Moderatuur van die Streeksinode Kaapland het op hulle beurt ook in 'n skrywe, gedateer 29 Mei 2020, gemaan dat gemeentes ernstig oor die aankondiging van die President moet besin, verantwoordelik moet optree en nie oorhaastige besluite moet neem nie.

Dit is geensins ‘n eenvoudige saak om eredienste in kerkgeboue op Vlak 3 “Lockdown” te hervat nie. Alvorens dit kan realiseer moet daar bepaalde veiligheidsmaatreëls in plek wees en aan bepaalde regulasies voldoen word, soos die volgende:

- Die geboue moet voorberei word;
- ‘n Taakspan, bestaande uit persone met vaardighede en kennis van die regulasies, moet vir die gemeente saamgestel word;
- ‘n Register van bywoning moet vir elke byeenkoms bygehou word;
- Skoonmaakmiddels moet ten alle tye geredelik beskikbaar wees sodat alle geboue, voor die aanvang en na afloop van ‘n erediens, deeglik gesteriliseer kan word alvorens die volgende erediens mag begin. Waar daar meer as een erediens per dag plaasvind, is alle voorsorgmaatreëls wat vir die voorbereiding op die eerste eredienste van toepassing was, ook op die volgende dienste van toepassing;
- Toilette moet ten alle tye higiënies gehou word;
- Alkohol-gebaseerde handreinigers, seep, water en papierhanddoeke moet ten alle tye beskikbaar wees;
- Fisiese afstand moet handhaaf word en enige vorm van fisiese kontak is ontoelaatbaar;
- Elke persoon wat ‘n erediens bywoon se temperatuur moet getoets word by die ingang van die kerkgebou. Diegene met ‘n lesing van 38 grade celcius en hoër, sal versoek word om terug te keer huis toe en mag dus nie die erediens bywoon nie;
- By die ingang van die geboue moet almal se hande met handreinigers gespuit word;
- Eredienste moet tot die maksimum van ‘n uur beperk word;
- Gesamentlike sang word nie toegelaat nie, slegs solo sang;
- Geen Bybels en gesangboeke mag nie na die erediens gebring word nie. Die totale liturgie moet op die skerms/projektors verskyn;
- Daar mag geen samedromming binne en buite die kergebou en/of perseel plaasvind nie;
- Persone wat eredienste bywoon mag nie in groepe daarheen of daarvandaan beweeg nie;
- Slegs 50 persone mag eredienste bywoon;
- Persone bo 60 word sterk afgeraai om eredienste by te woon;
- Maskers moet ten alle tye gedra word, en
- Persone moet verpreid uitmekaar tydens eredienste sit.

Vanuit hierdie maatreëls en regulasies is dit duidelik dat die hervatting van eredienste in kerkgeboue inderdaad geen geringe saak is nie, en dat die veiligheid en gesondheid van erediens bywoners gewaarborg moet word. As Leraar en Kerkraad is ons primêr verantwoordelik vir die gesondheid en veiligheid van almal wat eredienste bywoon en sal ons dus ook primêr verantwoordelik gehou word indien enige van die regulasies nie nagekom word nie.

Dit is ook belangrik dat ons gemeente se spesifieke konteks in ag geneem word. Die regulasies vereis dat slegs 50 persone eredienste mag bywoon, terwyl ons eredienste in normale omstandighede deur gemiddeld 700-800 mense bygewoon word. Die implikasie hiervan is dat daar uiteindelik, op een of ander manier, 50 uit die 800 mense gekies sal moet word. Verder word persone bo die ouderdom van 60 afgeraai om eredienste by te woon en uit ervaring weet ons dat eredienste in die kerkgebou veral ook vir hierdie groep lidmate na aan die hart lê. ‘n Keuse tussen wie ‘n erediens mag bywoon en wie nie is

natuurlik ook totaal teen die aard van ons geloof. Onder geen omstandighede mag dit gebeur dat enige persoon uitsluiting in die Kerk van Jesus Christus beleef nie.

Soos op 17 Maart 2020 is ons egter steeds daarvan oortuig dat naasteliefde in hierdie tyd van ons verlang om fisiese kontak met mekaar te vermy. Ons het reeds baie opgeoffer om die verspreiding van die virus te vertraag en kan dus nie bekostig om in waaksaamheid te verslap nie, veral nie terwyl die situasie daagkliks vererger nie.

**NADAT AL DIE BOGENOEMDE FAKTORE BESPREEK EN IN AG GENEEM IS, IS EENPARIG BESLUIT DAT GEEN EREDIENSTE OP VLAK 3 "LOCKDOWN" IN ONS KERKGEBOU GAAN PLAASVIND NIE.**

Ons wil ook graag die volgende onder u aandag bring:

**EREDIENSTE**

Op Vlak 3 "Lockdown" sal ons voortgaan om ons eredienste elektronies op te neem, te verspei en om materiaal vir Gesinsdienste beskikbaar te stel. Ons is dankbaar vir tegnologie en sosiale-media wat vir ons die wonderlike geleentheid bied om die Evangelie oor grense heen te versprei.

**FINANSIËLE IMPAK VAN DIE "LOCKDOWN"**

Soos verwag het die "Lockdown" 'n baie negatiewe impak op die finansies van ons gemeente. Die rooi-ligte is besig om al hoe helder te flikker aangesien geen funksies die afgelope tyd kon plaasvind en dankoffers dramaties gedaal het. Ongelukkig wil dit ook voorkom asof ons vir die res van 2020 nie toegelaat sal word om ons beplande funksies te laat realiseer nie.

Vir die tydperk van 27 Maart 2020 – 3 Junie 2020 sien ons inkomste en uitgawe soos volg daarna uit:

Inkomste **R 179 706, 68**

Uitgawe **R 315 931, 14**

Tot dusver het ons dus 'n tekort van **R 136 224, 46**.

As gemeente sal ons nie kan oorleef sonder die dankoffer bydrae van lidmate nie. U word dus vriendelik dog ernstig versoek om maandeliks u dankoffer direk in die bankrekening van ons gemeente te betaal. Ons bankbesonderhede is: **VGK Malmesbury, Standard Bank, 050507 (takkode), 082399344 (rekeningnommer)**. Voortaan sal die Kerkkantoor deur die loop van die week ook oop wees vir persone om hul dankoffers na die kerkgebou te bring. Die presiese dae en tye wanneer die kerkkantoor oop sal wees, sal weekliks aan u deurgegee word.

Ons huidige finansiële omstandighede verplig ons om ander maniere van fondsinsameling te ondersoek. Enige voorstelle word in hierdie verband versoek en verwelkom. Dankie dat ons ook op u ondersteuning kan reken wanneer verskeie fondsinsamelingsprojekte wel geloods word.

**KATEGESE**

Op Vlak 3 "Lockdown" word ons nog nie toegelaat om ons kategese (kinders in aanbidding, sondagskool, eerstejaar- en tweedejaar kategese, volwasse kategese en oorbruggingskategese) te hervat nie. Op hierdie stadium weet ons nog nie watter implikasie dit inhou vir katkisante wat veronderstel is om in Oktober as Belydende Lidmate voorgestel moet word nie. Hieroor moet daar nog verder besin en duidelikheid verkry word.

**TROUES**

Op Vlak 3 "Lockdown" mag paartjies, onderhewig aan streng voorwaardes, in die huwelik bevestig word (trou). Slegs die Leraar, die paartjie en twee getuies mag egter teenwoordig wees met die bevestiging van 'n huwelik. Ongelukkig mag niemand anders die troue bywoon en mag daar ook nie 'n onthaal plaasvind nie.

**BEGRAFNISSE**

Ons wil 'n vriendelike dog ernstige beroep doen op alle families wat 'n geliefde moet begrawe, om asseblief die reëls en regulasies te respekteer. In ons vooraf gesprekke met families word die reëls en regulasies aan hulle deurgegee. Dit skep daarom groot ongemak wanneer 'n bedroefde familie tydens die begrafnis aangespreek moet word omdat daar nie by die reëls en regulasies gehou word nie. Wetstoepassers het reeds en mag steeds inspeksie by begrafnisse kom doen, wat uiteindelik in 'n groter verleentheid kan ontaard indien hulle bevind dat die reëls en regulasies verbreek word.

Soos u weet mag daar slegs **50** persone 'n begrafnis bywoon, wat die predikant, koster, orrelis en klank- en visuele tegnikus insluit. Ons herinner u ook graag daaraan dat **GEEN** roudienste of huisdienste gehou mag word nie. Besoeke aan huis mag ook nie deur die Kerkraad afgelê word nie, daarom sal Kerkraadslede voortaan hul afgestowe lidmate se teraardebestelling waarneem om sodoende ook die geleentheid te kry om bedroefde families te ondersteun.

Ons weet dat dit ongewone omstandighede is waarin ons van geliefdes moet afskeid neem – dit is vir ons almal ongemaklik. Laat ons egter daarteen waak om nie verdere ongemak vir mekaar te skep nie.

**DIE LERAAR AS NOODSAAKLIKE WERKER**

Vir die doel van geestelike berading word alle geloofsleiers op Vlak 3 "Lockdown" as noodsaaklike werkers (*essential workers*) erken. Sedert die begin van "Lockdown" het ons Leraar egter voortgegaan om sy taak te vervul. Preke is voorberei, opnames vir eredienste is gemaak en tegnies versorg, materiaal vir Gesinsdienste is voorberei, begrafnisse is waargeneem, talle rings- en sinodale vergaderings het plaasgevind, berading het via die telefoon geskied en dringende kommissie vergaderings van die gemeente het plaasgevind. Dus het die Leraar sedert die begin van "Lockdown" as 'n noodsaaklike werker gefunksioneer.

Alhoewel geloofsleiers as noodsaaklike werkers beskou word, word hulle aangeraai om so ver moontlik besoeke aan huise te vermy. Indien hulle wel iemand aan huis wil besoek, moet daar eers vasgestel word of dit veilig is om dit te doen. Dit is wenslik dat huisgesinne vooraf gekontak moet word ten einde 'n idee te kry wat die situasie by die huis is. Fisiese kontak moet vermy word, afstand moet ten alle tye handhaaf word, maskers moet ten alle deur almal gedra word, kontak aan oppervlaktes soos hekke en deure moet vermy word, en besoeke aan huise waar mense siek word ten sterkste afgeraai.

Die fisisie omstandighede van lidmate is dus die bepalende faktor of die Leraar by iemand se huis 'n besoek mag aflê of nie, en soos u weet leef nie almal in ons gemeente in dieselfde omstandighede waar fisiese afstand ten alle tye gewaarborg kan word nie. Dit implikasie sou dan wees dat die Leraar nie huise mag besoek waar fisiese afstand nie moontlik is nie en dat lidmate dus, op grond van hulle omstandighede, uitgesluit kan word. Soos vroeër genoem is enige vorm van uitsluiting egter teen die aard van ons geloof en dit mag nooit gebeur dat enige persoon uitsluiting beleef nie.

In die lig van al die bogenoemde sal die Leraar hoofsaaklik voortgaan om sy pastorale werk via die beskikbare tegnologie te behartig. Ons wil die Leraar geensins in 'n posisie plaas waar hy, op grond van mense se omstandighede, moet besluit vir wie hy aan huis gaan besoek en vir wie nie. Indien enige persoon dus 'n behoefte vir 'n pastorale gesprek het, kan hulle gerus die Skriba-Kassier of Leraar kontak om 'n telefoniese afspraak te reël.

**VOEDSELPROJEK**

Sedert die begin van "Lockdown" het ons gemeente 'n voedselprojek begin waar ons op Maandae, Woensdae en Vrydae kos voorsien aan mense in ons gemeenskap. Tot op hede kon ons duisende mense voed. Daarom spreek ons ons dank en waardering uit aan elke persoon, wat op een of ander manier, hul harte vir hierdie projek oopgemaak het. Gesinne wat verdere behoeftes het, moet ons asseblief daarvan in kennis stel sodat ons in daardie opsig ook mekaar se laste kan dra.

**GESAMENTLIKE GEBEDSTYE**

Vanaf Woensdag, 10 Junie 2020, gaan ons voortaan elke Woensdagaand as 'n gemeente saam bid in ons verskillende huise. Ons versoek dat elke gesin Woensdae aande vir 'n paar oomblikke stil word en saam bid. Indien u enige gebedsversoeke het en gemaklik daarmee is dat ons dit met die gemeente deel, kan u dit gerus aan ons stuur. Ons sal elke keer 'n ander gebedsfokus het.

**SLOT**

Familie, in hierdie omstandighede pleit ons werklik om u begrip en ondersteuning. Niemand van ons het al deur 'n pandemie geleef of 'n gemeente deur 'n pandemie gelei nie. Uit die aard van die saak sal ons foute maak, daarom maak ons staat op u voorgesette voorbidding en verwelkom ons enige voorstelle wat ons as 'n gemeente sal help om hierdie moeilike tyd te oorleef. Ons het mekaar se liefde nou meer nodig as ooit van tevore en moet voortgaan om alles in ons vermoë doen om die verspreiding van die virus te beperk.

Ten laaste bevestig ons opnuut ons geloof in die Here. Hy is en was getrou, en sal Sy trou ook in die toekoms aan ons bewys.

Tot ons mekaar weer mag omhels

Die Dagbestuur van die Kerkraad (namens die Kerkraad, soos besluit op 17 Maart 2020)